

12 Junie

Skrifgedeelte: Openbaring 13:1-10

Fokusgedeelte: DL, 2:7

**Genade is net genade!**

Dié wat nie glo nie gaan deur hulle eie ongeloof verlore en dit is hulle eie skuld. Dié wat gered word omdat hulle in Jesus as die enigste Verlosser glo word egter nie gered omdat hulle dit verdien nie. Ons geloof verdien nie die genade van God nie. Nee, genade is net genade en geen verdienste nie! Daarom bely ons ook: "Almal wat egter waarlik glo en deur die dood van Christus van die sondes bevry en van die verderf gered word, ontvang hierdie weldaad slegs uit die genade van God."

In Openbaring 13:8 lees ons dat alle mense die dier uit die see, die antichris, sal aanbid, "almal wie se name nie van die skepping van die wêreld af geskrywe staan in die boek van die lewe, die boek van die Lam wat geslag is nie". Slegs hulle wat voor die skepping al gekies is om aan God te behoort, slegs die uitverkorenes, sal nie die antichris aanbid nie. Deur die ware geloof sal hulle gelei word om God alleen te aanbid.

Hulle name is immers van die begin van die skepping af in die boek van die lewe opgeskryf. As jou naam in hierdie boek staan is jy bestem om in Jesus te glo en om God alleen te aanbid en om deur Jesus gered te word. Daarom word die boek van die lewe ook die boek van die Lam wat geslag is genoem.

Diegene wie se name in hierdie boek opgeskryf staan, hulle name is van ewigheid af opgeskryf sonder dat hulle dit verdien. Dit is net genade en God was dit aan niemand verskuldig om hulle name daarin op te teken nie. As jy in Jesus glo staan jou naam ook in hierdie boek. Lewe dan vandag soos iemand wie se naam in die boek van die lewe staan deur in God alleen te glo en Hom alleen te dien!

*Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)*

~~~~~